


Copy

**THE PROVINCE OF
GAUTENG**



**DIE PROVINSIE
GAUTENG**

Provincial Gazette Extraordinary Buitengewone Provinsiale Koerant

Selling price • Verkoopprys: **R2,50**
Other countries • Buitelands: **R3,25**


Vol. 8

PRETORIA, 19 AUGUST
AUGUSTUS 2002

No. 263

We all have the power to prevent AIDS

AIDS
affects
us all



A
new
struggle

Prevention is the cure

AIDS

HELPLINE

0800 012 322

DEPARTMENT OF HEALTH



9771682452005



02263

CONTENTS • INHOUD

<i>No.</i>		<i>Page No.</i>	<i>Gazette No.</i>
LOCAL AUTHORITY NOTICES			
1274	Town-planning and Townships Ordinance (15/1986): City of Tshwane Metropolitan Municipality: Pretoria Amendment Scheme 8892.....	8	263
1275	do.: do.: Declaration as an approved township: Lady Selborne Extension 1.....	3	263

LOCAL AUTHORITY NOTICES

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1275

CITY OF TSHWANE METROPOLITAN MUNICIPALITY

DECLARATION OF LADY SELBORNE EXTENSION¹ AS APPROVED TOWNSHIP

In terms of section 103 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), the City of Tshwane Metropolitan Municipality hereby declares the Township of Lady Selborne Extension 1 to be an approved township, subject to the conditions as set out in the Schedule hereto.

(K13/2/Lady Selborne X1)

SCHEDULE

STATEMENT OF CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY THE CITY OF TSHWANE METROPOLITAN MUNICIPALITY (HEREINAFTER REFERRED TO AS THE APPLICANT) IN TERMS OF THE PROVISIONS OF PART C OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE 15 OF 1986), FOR WHICH PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 205 OF THE FARM ZANDFONTEIN 317, JR, PROVINCE GAUTENG, HAS BEEN GRANTED

1. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT (CONDITIONS WHICH WILL BE APPLICABLE TO THE APPROVED TOWNSHIP IN TERMS OF SECTION 103 OF ORDINANCE 15 OF 1986)

1.1 NAME

The name of the township shall be Lady Selborne Extension 1.

1.2 DESIGN

The township shall consist of erven, parks and streets as indicated on General Plan L.G. NR. A10973/ 1986.

1.3 DISPOSAL OF EXISTING CONDITIONS OF TITLE

All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of the rights to minerals, but excluding:

- 1.3.1 "C.(b) The said Portion 86 shall be entitled to the rights of way as indicated on the said General Plan on the said Western Portion of the said farm filed in the Deeds Office".
- 1.3.2 Kragtens Notariële Akte no. K477/ 1988S is die hierinvermelde eiendom is onderhewig aan 'n water pypleiding servituut soos aangedui deur die letters ABCD op Algemene Plan A 1847/1976 ten gunste van RAND WATER RAAD soos meer volledig sal blyk uit die gemelde Notariële Akte.
- 1.3.3 Kragtens Notariële Akte no. K4478/ 1997S is die hierinvermelde eiendom is onderhewig aan 'n permanente pyplyn servituut ten gunste van GASKOR, soos meer volledig sal blyk uit die gemelde Notariële Akte.

1.4 LAND FOR MUNICIPAL PURPOSES

The township owner shall reserve the following erf/erven for municipal purposes:

- | | |
|-----------------------------|----------------------------|
| Parks (public open space) : | Erven 1153 to 1159 |
| General (municipal uses): | Erven 1071, 1072 and 1077. |

1.5 ACCESS

No ingress from Provincial Road P159-1 and P200-1 to the township and no egress to Provincial Road P159-1 and P200-1 from the township shall be allowed.

1.6 RECEIVING AND DISPOSAL OF STORM-WATER

The township owner shall arrange the storm-water drainage of the township in such a way as to fit in with that of Road P159-1 and P200-1 and he shall receive and dispose of the storm-water running off or being diverted from the road.

1.7 RESTRICTION ON THE ALIENATION OF ERF 923

The township owner shall not offer for sale or alienate Erf 923 to any person or body other than the South African Police Services (SAPS), unless the latter indicated in writing that it is not interested to acquire the land within a period of 6 months after it was offered to the SAPS for sale for the same price than the person or body whom so wishes to acquire the erf.

1.8 RESTRICTION ON THE ALIENATION OF ERVEN 601 TO 606 AND ERVEN 676 TO 688

The township owner shall not develop or alienate the said erven until approval of an Environmental Impact Assessment by the Gauteng Department of Agriculture, Conservation, Environment and Land Affairs.

On submission of a certificate from the local authority to the Registrar of Deeds, stating that the conditions as required by the record of decision on the Environmental Impact Assessment by the Gauteng Department of Agriculture, Conservation, Environment and Land Affairs, have been complied with, this condition shall lapse.

2. CONDITIONS OF TITLE

- 2.1 THE ERVEN MENTIONED BELOW SHALL BE SUBJECT TO THE CONDITIONS AS INDICATED, LAID DOWN BY THE CITY OF TSHWANE METROPOLITAN MUNICIPALITY IN TERMS OF THE PROVISIONS OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE 15 OF 1986)

2.1.1 ALL ERVEN WITH THE EXCEPTION OF THE ERVEN REFERRED TO IN CLAUSE 2(4)

- (a) The erf shall be subject to a servitude, 2 m wide, for municipal services (water, sewer, electricity and storm-water) (hereinafter referred to as "the services"), in

favour of the local authority, along any two boundaries, excepting a street boundary and, in case of a panhandle erf, an additional servitude for municipal purposes, 2 m wide, over the entrance portion of the erf, if and when required by the local authority: Provided that the local authority may waive any such servitude.

- (b) No buildings or other structures shall be erected within the aforesaid servitude area and no trees with large roots may be planted within the area of such servitude or within a distance of 2 m from it.
- (c) The City of Tshwane Metropolitan Municipality shall be entitled to temporarily deposit on the land adjoining the aforesaid servitude, any material it excavates during the laying, maintenance or removal of such services and other works which in its discretion it regards necessary, and furthermore the City of Tshwane Metropolitan Municipality shall be entitled to reasonable access to the said property for the aforesaid purpose, subject to the provision that the City of Tshwane Metropolitan Municipality shall make good any damage caused during the laying, maintenance or removal of such services and other works.

2.1.2 ERVEN 771, 775, 1041, AND 1073

- (a) The erf shall be subject to a servitude for municipal services (storm-water, 3 metres wide, in favour of the City of Tshwane Metropolitan Municipality, as indicated on the general plan.
- (b) No buildings or other structures may be erected within the aforesaid servitude area and no trees with large roots may be planted within the area of such servitude or within a distance of 3 m from it.
- (c) The City of Tshwane Metropolitan Municipality shall be entitled to temporarily deposit on the land adjoining the aforesaid servitude, any material it excavates during the laying, maintenance or removal of such services and other works which in its discretion it regards necessary, and furthermore the City of Tshwane Metropolitan Municipality shall be entitled to reasonable access to the said property for the aforesaid purpose, subject to the provision that the City of Tshwane Metropolitan Municipality shall make good any damage caused during the laying, maintenance or removal of such services and other works.

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1275**STAD TSHWANE METROPOLITAANSE MUNISIPALITEIT****VERKLARING VAN LADY SELBORNE UITBREIDING 1 TOT GOEDGEKEURDE DORP**

Ingevolge artikel 103 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No. 15 van 1986), verklaar die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit hierby die dorp Lady Selborne Uitbreiding 1 tot 'n goedgekeurde dorp, onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande Bylae.

(K13/2/Lady Selborne X1)

BYLAE

STAAT VAN VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR DIE CITY OF TSHWANE METROPOLITAN MUNICIPALITY (HIERNA DIE AANSOEKER GENOEM), INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DEEL C VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE 15 VAN 1986), OM TOESTEMMING OM 'N DORP OP GEDEELTE 205 VAN DIE PLAAS ZANDFONTEIN 317, JR, GAUTENG PROVINSIE TE STIG, TOEGESTAAN IS

1. STIGTINGSVOORWAARDES**1.1 NAAM**

Die naam van die dorp is Lady Selborne Uitbreiding 1.

1.2 ONTWERP

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan L.G. no. A10973/1986.

1.3 BESKIKKING OOR BESTAANDE TITELVOORWAARDES

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en serwitute, as daar is, met inbegrip van die voorbehoud van die regte op minerale, maar uitgesonderd die volgende reg wat nie aan die erwe in die dorp oorgedra moet word nie.

1.3.1 "C.(b) The said Portion 86 shall be entitled to the rights of way as indicated on the said General Plan on the said Western Portion of the said farm filed in the Deeds Office".

1.3.2 Kragtens Notariële Akte no. K477/ 1988S is die hierinvermelde eiendom is onderhewig aan 'n water pyleidings serwituut soos aangedui deur die letters ABCD op Algemene Plan A 1847/76 ten gunste van RAND WATER Raad soos meer volledig sal blyk uit die gemelde Notariële Akte.

1.3.3 Kragtens Notariële Akte no. K4478/ 1997S is die hierinvermelde eiendom is onderhewig aan 'n permanente pyplyn serwituut ten gunste van GASKOr, soos meer volledig sal blyk uit die gemelde Notariële Akte.

1.4 GROND VIR MUNISIPALE DOELEINDES

Die dorpseienaar moet die volgende erwe vir munisipale doeleindes voorbehou:

Openbare oopruimte (Parke): Erwe 1153 tot 1159

Algemeen (munisipale doeleindes): Erwe 1071, 1072 en 1077.

1.5 TOEGANG

Geen 'ingang van Provinsiale Paaie P159-1 en P200-1 tot die dorp en geen uitgang tot Provinsiale Paaie P159-1 en P200-1 uit die dorp word toegelaat nie.

1.6 ONTVANGS EN VERSORGING VAN STORMWATER

Die dorpseienaar moet die stormwaterdreinerings van die dorp so reël dat dit inpas by dié van Paaie P159-1 en P200-1 en moet die stormwater wat van die paaie afloop of afgelei word, ontvang en versorg.

1.7 BEPERKING OP DIE VERVREEMDING VAN ERF 923

Die dorpseienaar mag nie Erf 923 aan enige persoon of liggaam met regspersoonlikheid ander as die Staat (Polisie) vervreem nie, voordat hy die Staat skriftelik in kennis gestel het van sodanige voorneme en die eerste opsie vir 'n tydperk van 6 maande aan hom gegee het om die genoemde erf aan te koop teen 'n prys wat nie hoër is as die prys waarvoor dit die voorneme is om die erf aan sodanige persoon of liggaam met regspersoonlikheid te vervreem nie.

1.8 BEPERKING OP DIE VERVREEMDING VAN ERWE 601 TOT 606 EN ERWE 676 TOT 688

Die dorpseienaar mag nie die bovermelde erwe ontwikkel of verkoop voordat 'n Omgewings Impakstudie deur die Gauteng Departement van Landbou, Bewaring, Omgewing en Grondsake goedgekeur is nie.

Die beperking sal verval na die indiening van 'n sertifikaat by die Registrateur van Aktes, deur die Plaaslike Owerheid, wat bevestig dat daar aan al die voorwaardes (soos vervat in die Besluit vir die goedkeuring van die Omgewing Impakstudie) van die Gauteng Departement van Landbou, Bewaring, Omgewing en Grondsake voldoen is.

2. TITELVOORWAARDES

2.1 Die erwe hieronder genoem, is onderworpe aan die voorwaarde soos aangedui, opgelê deur die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965.

2.1.1 ALLE ERWE MET UITSONDERING VAN DIE ERWE GENOEM IN KLOUSULE 2(4)

- (a) Die erf is onderworpe aan 'n serwituut, 2m breed, vir riolerings- en ander munisipale doeleindes, ten gunste van die plaaslike bestuur, langs enige twee grense, uitgesonderd 'n straatgrens en, in die geval van 'n pypsteelerf, 'n addisionele serwituut vir munisipale doeleindes, 2m breed, oor die toegangsgedeelte van die erf, indien en wanneer verlang deur die plaaslike bestuur: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur van enige sodanige serwituut mag afsien.
- (b) Geen geboue of ander strukture mag binne die voornoemde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 'n afstand van 2m daarvan geplant word nie.
- (c) Die plaaslike bestuur is daarop geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige dienste en ander werke wat hy na goeë dunnke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op grond wat aan die voornoemde serwituut grens, en voorts is die Stadsraad van Pretoria geregtig op redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel, onderworpe daaraan dat die Stadsraad van Pretoria enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige dienste en ander werke veroorsaak word.

2.1.2 ERWE 771, 775, 1041 EN 1073

- (a) Die erf is onderworpe aan 'n serwituut vir munisipale doeleindes (stormwaterdreinerings), 3 meters wyd, ten gunste van die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit, soos op die algemene plan aangedui.
- (b) Geen geboue of ander strukture mag binne die voornoemde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 'n afstand van 3m daarvan geplant word nie.

- (c) Die plaáslike bestuur is daarop geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige dienste en ander werke wat hy na goeddunke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op grond wat aan die voornoemde servituut grens, en voorts is die Stadsraad van Pretoria geregtig op redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel, onderworpe daaraan dat die Stadsraad van Pretoria enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige dienste en ander werke veroorsaak word.

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1274

CITY OF TSHWANE METROPOLITAN MUNICIPALITY

PRETORIA AMENDMENT SCHEME 8892

It is hereby notified in terms of the provisions of section 125 (1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that the City of Tshwane Metropolitan Municipality has approved an amendment scheme with regard to the land in the township of Lady Selborne Extension 1, being an amendment of the Pretoria Town-planning Scheme, 1974.

Map 3 and the scheme clauses of this amendment scheme are filed with the City Manager, and are open to inspection during normal office hours.

This amendment is known as Pretoria Amendment Scheme 8892.

(K13/2/Lady Selborne X1)

General Manager: Legal Services

19 August 2002

(Notice No. 550/2002)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1274

STAD TSHWANE METROPOLITAANSE MUNISIPALITEIT

PRETORIA WYSIGINGSKEMA 8892

Hierby word ingevolge die bepalings van artikel 125 (1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), bekend gemaak dat die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit 'n wysigingskema met betrekking tot die grond in die dorp Lady Selborne Uitbreiding 1, synde 'n wysiging van die Pretoria-dorpsbeplanningskema, 1974, goedgekeur het.

Kaart 3 en die skemaklousules van hierdie wysigingskema word deur die Stad Bestuurder, in bewaring gehou en lê gedurende gewone kantoorure ter insae.

Hierdie wysiging staan bekend as Pretoria-wysigingskema 8892.

(K13/2/Lady Selborne X1)

Hoofbestuurder: Regsdienste

19 Augustus 2002

(Kennisgewing No. 550/2002)